


# Die Twee Getuies van Openbaring 11.



Sag 4:14 En hy sê: Dit is die **twee gesalfdes** wat by die Here van die ganse aarde staan.

Open 11:3 En Ek sal aan my **twee getuies** gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.

Open 11:4 Hulle is **die twee olyfbome en die twee kandelaars** wat voor die God van die aarde staan.



Die twee getuies en die Vrou en die draak.

## VYF JOODSE TEMPELS

Johannes kry opdrag om die tempel van God te meet.

Openb 11:1 **En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel** het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.

Die voorhof buitekant die tempel [Die vierde tempel soos onder genoem] moet hy egter uitlaat en nie meet nie aangesien dit aan die heidene gegee is. Die heidene sal die stad twee-en veertig maande lank vertrap. Dit is die tydperk wat die Anti-chris saam met sy valse profeet en die duiwel in Jerusalem sal **regeer. Die laaste drie en 'n halfjaar. Die volle tydperk van antichris-regering** is dan sewe jaar.

## VYF TEMPELS HISTORIES EN PROFETIES VAN AARD; [DAKE'S ANNOTATED REFERENCE BIBLE.]

- (1) Salomo se tempel. (1 Kon 5-8 ) 966 vC. Op die berg Moria, wes van die Olyfberg waar Abraham vir Isak geoffer het. Nebukadnésar verwoes die tempel van Salomo in 586vC.
- (2) Serubbábel se tempel in 516 gebou. ( Hag 1-2; Esra 3:4-13; 6:1-22. ) Later deur die Grieke verwoes, en herbou deur koning Herodes vanaf 19 vC.
- (3) Herodes se tempel. ( Joh 2:19-20; Mat 24. ) In 70 nC is Jerusalem sowel as die tempel van Herodes deur Titus verwoes. Die tempels van Salomo, Serubbábel en Herodes is almal op dieselfde plek op die berg Moria, op die tempelberg opgerig. Tussen die jare 685-691 nC is die "Moskee van Omar," in Arabië bekend as die Qubbat As-sakhrah, deur kalief 'Abd al-Malik ibn Marwan op die tempelberg opgerig (MORIA)
- (4) Die toekomstige Joodse tempel in die dae van die anti-chris. ( Dan 9:27; 11:45; 12:7; Mat 25:15; 2 Thes 2:3-4; Opb 11:1-2. )
- (5) Die toekomstige Millenium tempel ( Eseg 40-48;

sien 45:7; Sag 6:12-13.) **Jesus gaan 'n majestueuse tempel bou** waaruit Hy tydens die Vrederyk oor die aarde sal heers.

**Esegiël maak melding van hierdie tempel: “Dit is die plek van my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel. Dit is die wet van die huis: Op die top van die berg sal sy hele gebied al rondom hoog-heilig wees.” (Eseg 43:7,12)**

## DIE TWEE GETUIES VAN OPENB 11

Hoe letterlik die twee getuies kan wees, kan nagegaan word uit ander Skrifgedeeltes soos (Sag 4) en Maleagi 4:5 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.

**Hierdie is 'n gedeelte van die laaste profesie van die Ou Testament.**

Dit handel oor die terugkeer van Elía die profeet [van die hemel na die aarde] kort voor die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek.

## DIE TWEE OLYFBOME

Sag 4:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek **sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom** en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.

Sag 4:3 Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.

Sag 4:11 Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan die linkerkant daarvan?

Sag 4:12 En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat

beteken die twee olyftakkies aan die kant van die twee goue



pype wat goud uit hulle laat uitstroom?

Sag 4:13 Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer.

Sag 4:14 En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan.

Die Engel verklaar ten volle die betekenis van die twee olyfbome. Hulle verteenwoordig die twee gesalfdes wat voor God staan totdat hulle moet verskyn as die twee getuies. { Opb 11:3-11,14, }

Opb 11:4 Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan.

Openbaring 11 is die hoofstuk van die twee Getuies. As hulle hemelse wesens sou wees, sou hulle onsterflikheid besit het en kon hulle nie gedood word nie. Die verklaring moet daarom wees: die twee getuies is gewone menslike persoonlikhede wat voor die God van die aarde staan. Johannes noem hulle die profete.

Openb 11:10 Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.

Maar as ons kyk na vers 6: "Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; **[Drie en 'n half jaar]** en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil." Hier dink ons willekeurig aan Moses en Elia wat saam met die Here op die berg van verheerliking in gesprek was (Matt 17:3 En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom.) Moses en Elia het immers ook in hul lewe as getuies opgetree. Moses voor Faraon en by die berg Horeb en Elia op die berg Karmel. Moses het tydens sy lewe water in bloed verander (Ex 7:17 So spreek die HERE: Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is. Kyk, ek sal met die staf wat in my hand is, op die water slaan wat in die Nyl is, en dit sal in bloed verander word.) en Elia weer het gedurende sy lewe sy

teestanders met vuur laat verteer (2 Kon 1:10 Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. ) en (Openb 11:5 En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.) Elía het ook die hemel gesluit sodat dit nie gereën het nie.



## DIE 2 GETUIES EN DIE ANTICHRIS

Ons lees dat hierdie twee getuies gelyktydig met die Antichris sal opereer in Jerusalem (Openb 11: 7 En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom [die Antichris - na hyself gedood is en weer lewendig geword het], teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; Openb 11:8 "en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad (JERUSALEM) wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is." (Hul lyke sal daagliks deur middel van die TV-kameras aan die hele wêreld getoon word.) Ons moet ook daarop let dat hulle nie met die Evangelie, die blye boodskap kom nie, want die tyd daarvoor is verby. Hulle kom met wonderkrag om getuienis te lewer van die waarheid van die Woord, die bestaan van God en sy Christus en hulle pynig die bewoners van die aarde. [Omdat hulle

die bloed van Christus onder hulle voete vertrap het en Hom verwerp het as hul persoonlike Saligmaker.]

## DIE DOOD VAN DIE 2 GETUIES

Nadat hulle gedood is, tref 'n geweldige aardbewing die aarde sodat die verskrikte mens nou aan die God van die hemel heerlikheid toebring. (Openb. 11: 13 **En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring.** ) Wat 'n teenstelling met vorige geleenthede toe hulle hul telkens verhard het. (Net soos Farao as sy towenaars dieselfde wonders doen.) Die dood van die twee getuies sal 'n geweldige vervolging laat losbrand teen alle Christus-belyers, en wie die beeld van die dier (Antichris) nie wil aanbid nie, sal sy lewe daarvoor moet inboet --- totdat die antichristelike wêreldstad "dronk sal wees van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus. (Openb 17: 6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. ) Kyk na Mat 24:21 "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. "

Goddank dat hierdie skrikbewind van die Antichris nie lank duur nie. Na hierdie tussengesigte waarin weereens die besondere bemoeienis van God met sy verbondsvolk, Israel, getoon word, blaas die sewende of laaste basuin en kom die derde weë. Met die blaas van hierdie basuin lees ons dat die koninkryke van die wêreld die eiendom van die Here word, asook van Christus. Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. Dit is die Klipkoninkryk van Daniël 2: 44 "Maar in die dae van dié konings (die **VN Nasies**) sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al

daardie koninkryke verbrysel en daar **‘n einde aan** maak, maar self sal dit vir ewig bestaan"— vers 45: "net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande **‘n** klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar. " SIEN OOK Dan 7:14 "En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is **‘n** ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." Vers 27 "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle **koninkryk is ‘n** ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees. "

In die hemel word daar geloof en gedank dat die Here God, die Almagtige wat was en wat is en wat kom, Sy groot mag aangeneem het en as Koning heers. Op die aarde egter is daar weerligte, stemme, donderslae, aardbewing en groot hael. (Die laaste plaë en Armageddon.)

Openb 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Openb 11:16 En die vier en twintig ouderlinge (die bruid) wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê:

Openb 11:17 Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.

Openb 11:18 En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.

Openb 11:19 En die tempel van God het in die hemel oop-



gegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. (Sien ook Openb 14: 6 tot 16: 21) as synde die laaste basuin, die laaste weë, die laaste plaë en die laaste stryd, Armageddon voor DIE KONING KOM! (Tweede fase, met Sy voete op die Olyfberg.)

## WEGRAPING VAN DIE 2 GETUIES— OPENB 11

Die wegraping van die twee getuiës op ons voorblad, eindig dan die eerste opstanding vir alle saliges, wat begin met die opstanding van Jesus en die Ou Testamentiese ontslape heiliges. Die eerste wegraping, soos reeds genoem. (Mat 27:51-53) Dakes Annotated Reference Bible.

Open 11:7 En wanneer hulle hul getuïenis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;

Open 11:8 en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.

Open 11:9 En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal **hulle lyke drie en ‘n halwe dag lank sien** en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

Open 11:10 Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.

Open 11:11 En **ná die drie en ‘n halwe dag het ‘n gees van die lewe** uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en **‘n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou** het.

## HULLE DOEL

Net soos God Moses en Aäron gebruik het om die tien plaë oor die Egiptenare te bring, gaan God die twee getuïës gebruik om die bewoners van die aarde te pynig met plaë in die ver-

drukkings-tydperk.

Hulle word gedood deur die dier uit die afgrond.

Open 11:7 En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;

Open 11:8 en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.

## HULLE LYKE LÊ IN DIE STRATE VIR DRIE EN 'N HALWE DAG.

Alle TV kameras van die wêreld gerig op die twee lyke, van die profete wat die wêreld gepynig het.

Open 11:9 En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal **hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien** en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

Die bewoners van die aarde gee mekaar geskenke oor die dood van die twee getuies.

Open 11:10 Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.

## DIE GEES VAN GOD MAAK DIE GETUIES LE- WENDIG.

Open 11:11 En **ná die drie en 'n halwe dag** het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat

hulle aanskou het.



## HULLE WEGRAPING

Open 11:12 **En hulle het 'n** groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.

### WIE IS HIERDIE TWEE GETUIES DAN?

Ons glo dat dit Moses en Elia kan wees. In Matt 17 - op die berg van verheerliking - het Moses en Elia saam met Jesus verskyn.

1. Moses was reeds in Egipte betrokke met plaë soos deur God gestuur. Hy het dan ook reeds water in bloed verander in Egipte, ens.
2. Elia is lewendig weggeruk na die hemel met die wa en perde van vuur. Elia was dan ook deur God gebruik om vuur uit die hemel te bid op Karmel met die Baalse profete. [2 Kon 18.]

## **NOG 'N MOONTLIKHEID !!!**

Dit word ook beweer deur sommige skrifuitlêers dat dit Henog en Elia kan wees. Gen 5:24 En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het

hom weggeneem. ( Henog en Elia het albei nie op aarde gesterwe nie. )

## 13 FEITE AANGAANDE DIE 2 GETUIES

Dake's Annotated Reference Bible.

1. Openb 11 verse 3 en 7-12 leer ons dat hulle 2 mans is, en nie verbonde, dispensasies of die Ou en Nuwe Testamente is nie.
2. Hulle is Christus se getuies. (v3)
3. Daar sal aan hulle mag gegee word om hul taak te verrig wanneer hulle na die aarde kom (v6).
4. Hulle sal profete wees. (v3 & 10)
5. Dit blyk dat hulle sal profeteer gedurende die grootste gedeelte van die laaste helfte van die 7jaar groot verdrukking
6. Hulle sal in sakke geklee wees. (v3)
7. Hulle simboliseer die twee olyfbome en twee kandelare van Sag 4:11-14. (v4)
8. Hulle sal onaantasbaar wees vir die 3½ jaar van hul bediening. (v5-7)
9. Hulle sal hul vyande vernietig met vuur wat uit hulle mond kom. (v5)
10. Hulle sal die reën kan stop vir die duur van hul profesieë— 3½ jaar. (v6)
11. Hulle het mag om die water in bloed te verander en die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil.
12. Sodra hulle bediening van 1260 dae verby is, gebruik Satan die antichris om hulle dood te maak. (v7)
13. Hulle sal dood wees vir 3½ dae en dan opgewek word. (v8-11) Dit is verdere bewys dat hulle 2 mans sal wees.

Open 11:8 en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad [die hoof-kwartier van die antichris] wat geestelik genoem word Sodom [simbolies van immoraliteit] en Egipte [gevangenskap en slawerny] waar ook onse Here gekruisig is. [Jerusalem.]

## DIE VROU EN DIE DRAAK.

In Openbaring 12 het ons weereens te doen met 'n gebeurlik-

heid wat hom oor 'n tydperk van 3½ jaar afspeel. Soos reeds aangetoon, speel die Antichris ook 'n groot rol in hierdie hoofstuk. Dit is asof die skrywer ons wil wys wie die vrou is wat na die woestyn vlug (vers 6: "En die vrou het na die woestyn gevlug **waar sy** 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank."), waar sy vir 3½ jaar lank onderhou en beskerm sal word.

Openb 12:1 " **En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou** wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en **op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre.**" Hier kry ons 'n simboliese voorstelling van Israel (lees ook die verklaring van Josef se droom in Gen 37: 9-11 Daarna het hy **nog 'n ander droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad**—die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig.

Toe hy dit aan sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard **bestraf en aan hom gesê: Wat is dit vir 'n droom wat jy gehad** het? Moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig?

En sy broers was afgunstig op hom, maar sy vader het die saak in gedagte gehou. )

'n Vrou (Israel) wat swanger is, baar 'n manlike kind (144,000 Jode - 12,000 uit elkeen van die 12 stamme " Dake's Annotated Reference Bible"). Openb 7:3 en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

Openb 7:4 En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel

Ons lees in Openbaring 12:3 van 'n groot vuurrooi draak (Duiwel) met 7 gekroonde koppe en tien horings.



In hoofstuk 13:1 weer van 'n dier met sewe koppe en tien gekroonde horings. Die Antichris sit nou in die tempel, hy laat slagoffer en spysoffer ophou, die Jode besef dat die woord waar geword het en die twee getuies van hoofstuk 11 dra by om hulle te ontnugter. Die sewejaar-verbond (sewejaar verdrukking) word verbreek en die Jode besef dat vlug nou die enigste uitweg is.

Dan 9:27 "En hy (Die Antichris) sal een week (sewe jaar) lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week (na 3½ jaar) sal hy (Die Antichris) slagoffer en spysoffer laat ophou; " Hierdie woorde geld natuurlik in 'n enger sin bloot die Joodse nasie, onder wie die Antichris dan ook al "'n leër" van volgelinge het. Dan 8:12 "En 'n leër is aan die horing oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende offer; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad. " Dis eienaardig en ook opmerklik dat van hierdie leer van volgelinge in Dan 8 gepraat word juis as ook dáár gepraat word van die afskaffing van die "voortdurende offer" aan God. Dan 8:11 "Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontnem en sy heilige woning neergewerp is." Oor hierdie afskaffing deur die Antichris lees ons ook weer in Dan 11: 31 "En deur hom (Antichris) sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel. Maar die Antichris sal nie alleen alle verering van God by die Jood en alle ander nasies en godsdienste afskaf nie, hy sal verder gaan met sy "gruwel en verwoesting" ( Matt 24: 15 " Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—"), deur sy eie "godsdienste" in te voer, wat nie alleen lei tot aanbidding van homself nie (2 Thes 2: 4 "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is." EN Openb 13: 4 "En hulle het die draak (duiwel) aanbid wat die dier (Antichris) mag

gegee het, en die dier (Antichris) aanbid en gesê: "Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?"), maar ook tot aanbidding van Satan. Jesus sê in Matt 24: 15 "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—" Vers 16: "dan moet die wat in Judéa (Jode) is, na die berge vlug; " Vers 17: "wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; " Vers 18: "en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie." Vers 19: "Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae." Vers 20: "En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie." Vers 21: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie ge-wees het en ook nooit sal wees nie."

Openb 12:6 "En die vrou (Israel) het na die woestyn gevlug waar sy **'n plek het wat deur God gereed gemaak is**, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank." (3½ Jaar)

As ons nou kyk na wat Daniël skryf in Dan 11: 41 "Hy (Antichris) sal ook kom in die Pragtige Land (Israel), en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom (die gebergte Seir-Sinai) en Moab (Jordanië) en die beste deel van die kinders van Ammon. (Aman is die hoofstad van Jordanië.) Reg in die middel van hierdie drie "vrystede" is 'n plek met die naam van PETRA - in die rooi-rotsagtige berge met sy nou ingang het S.G.M. (Scripture Gift Mission) duisende Nuwe Testamentjies in selofaan toegedraai en in die nou verlate spelonke weggesteek -- reg vir die dag wanneer Israel daarheen gaan vlug.

Daar is oorlog in die hemel, (Die eerste hemel of Atmosferiese hemel) maar hierdie keer word die duiwel uit die hemel op die aarde neergewerp. Dan 12: 7 "En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;" Vers 8 "en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie."

Vers 9 "En die groot draak (duiwel) is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele (Demone) is saam met hom neergewerp."

Vers 10 "**Toe hoor ek 'n groot stem** in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."

Vers 11 "En hulle het hom (Satan) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."

Vers 12 "Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."

In sy woede wou die draak, die vrou [Israel], vervolg.

Openb 12:14 maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou (Israel) gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek (Petra), kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang (duiwel) onderhou word, **'n tyd (1 jaar) en tye (2 jaar) en 'n halwe tyd (1/2 jaar = 3<sup>1</sup>/<sub>2</sub> jaar)**. God gaan Israel beskerm soos Hy die 7,000 in 'n spelonk weggesteek het en soos Hy dit nog deur die eeue heen gedoen het.

AMEN.



## MOSES

*Meets God at Mt Horeb Exo 3.1-6*

*Sees God reveal himself through fire Exo 13.21*

*Sees God miraculously provide food Exo 16*

*Reveals God's power through miracles Exo 7-12*

*Emphasizes that the Lord is God Deut 6.4*

*Is succeeded by Joshua Deut 31.7-8*

*(name means the Lord is Salvation)*

*Death shrouded in mystery Deut 34.5-6*

*Jordan river parts Josh 3.14-17*

*(- successors ministry begins)*

*Appears with Jesus at Transfiguration Matt 17.3*

## ELIJAH

*ditto 1 Kin 19.8-11*

*ditto 1 Kin 18.38*

*ditto 1 Kin 17.8-16*

*ditto 1 Kin 18.30-39*

*ditto 1 Kin 18.37-39*

*Elisha 2 Kin 2.12-14*

*(God is salvation)*

*ditto 2 Kin 2.11-12*

*2 Kin 2 13-14*

*ditto*

*ditto Matt 17.3*

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

Tel/Fax (044) 696-5891  
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

